

**BELEGGINGS- VERSLAG: JULIE / AUGUSTUS 2011**

**10 08 2011**

**Plaaslike Aandele Mark: (Eerste helfte van die jaar)**

Na die sterk groei van ons plaaslike aandelebeurs (JSE), aan die einde van 2010, was die afgelope 6 maande teleurstellend en het ons beurs min bygedra tot portefeulje opbrengste.(Sien grafiek hieronder)



Onderstaande tabel gee 'n duideliker aanduiding van finansiële marktoestande die afgelope 1 tot 3 jaar; - (Soos op 11 07 2011 – verskaf deur Sanlam, - Glacier)

INDEKS	SLUITING	Jaar tot datum	1 JAAR	3 JAAR *
Alle Aandele	32 002	1.2 %	25 %	7.3 %
Finansieël	21 758	3.7 %	17 %	16.6 %
Industrieël	33 355	(-3 %)	20.7 %	11 %
Hulpbronne	29 636	(-3.3%)	20.4 %	(-4.4%)
Eiendom	390.67	5.6 %	22.6 %	27.9 %
Alle Effekte	354.97	3.9 %	11.5 %	13.3 %
Kontant	258.05	3 %	6.2 %	8.3 %

( \* 3 Jaar – Jaarliks saamgestelde opbrengs )

Hoewel die afgelope jaar (Tot einde Junie 2011) dus goeie resultate gelewer het wat aandele, eiendom en effekte aanbetref. het kontant (hoofsaaklik geldmark) steeds redelike besadigde resultate gelewer. Die “jaar tot datum” statistiek toon egter die rede vir beleggers se huidige frustrasie met opbrengste. Verder is dit duidelik, uit die 3 jaar statistiek, dat die impak van die 2008/2009 finansiële krisis steeds swaar weeg op sommige resultate. Die jaar tot datum, was dit hoofsaaklik blootstelling aan geldmarkte, effekte en eiendom , wat waarde toegevoeg het op portefeuljes.

Internasionale blootstelling oor die afgelope jaar (soos ook in 2009/2010), het in SA Rand waarde, nie werklik waarde toegevoeg nie. (In terme van opbrengs). Die SA Rand het vanaf 01 07 2010 meestal verder versterk ( Vanaf ongev R 7.65/\$), -en die prestasie van heelwat fondse oor die periode afgewater. Veral natuurlik die internasionale fondse maar ook plaaslike Bate Allokasie fondse wat waarde op internasionale markte soek.

**INTERNASIONALE MARKTE:**

Internasionale markte het baie goeie prestasie gelewer in die tweede helfte van 2010, maar in 2011 was daar tot dusver ook hier nie veel prestasie nie. Nietemin, het veral die ontwikkelde markte (VSA, Brittanje, Europa, ens, die jaar as geheel, uitstekende resultate gelewer. ( Tot 11 07 2011)

2.

INDEKS	SLUITING	1 JAAR	3 JAAR *
MSCI World	1 343.13	29.6 %	0.6 %
S & P 500 (VSA)	1 343.80	31.4 %	2.1 %
FTSE 100 (Brittanje)	5 990.58	23.8 %	3.4 %
DAX (Duitsland)	6 552.90	29 %	5.1 %
Nikkei (Japan)	10 137.73	10.1 %	(- 8.5 %)
<b>MSCI EM (Intern)</b>	<b>1 163.93</b>	<b>27.4 %</b>	<b>4.1</b>
<b>Korea</b>	<b>2 180.35</b>	<b>30.4 %</b>	<b>11.4 %</b>
Australië	4 812.00	10.6 %	(-3.0 %)
Brasilië	61 513.24	0.1 %	1.2 %
Indië	18 858.04	8.0 %	11.9 %

- (\* Soos op **11 07 2011** – verskaf deur Sanlam, - Glacier)

Na etlike jare van redelike afgewaterde tot swak prestasie, is dit te verwelkom om weer 1 jaar prestasie syfers te sien van 20% en meer. (Dit is natuurlik nog tot voor die afgelope week of wat se tuimeling van mark indekse!!)

Aangesien aandele beurse, in SA maar ook internasionaal die enigste werklik sinvolle opsie bied aan beleggers om wesentlik waarde toe te voeg oor tyd, - bo geldmark en effekte koerse, is dit belangrik om kennis te neem wat hierdie marke lewer in terme van opbrengste asook wat toekomstige potensiele waarde aan betref.

Ons beleggers moet ook kennis neem van wat in ekonomiese en op aandelebeurse, tot n mate soortgelyk aan SA, plaasvind. (Verlaas die ander sg. “emerging” of ontluikende markte). As daar na bogenoemde statistiek gekyk word, is dit duidelik dat beleggers in Australië, Brasilië en Indië, waarskynlik die afgelope jaar swakker daaraan toe was as ons hier in SA.. Hierdie lande sit ook soos ons met lae rentekoerse wat opbrengste terughou. Hul aandele beurse het veral sedert die begin van 2011 deurgeloopt. Ons beurse het ten minste, tot n groot mate waarde gehandhaaf. (tot aan die einde van Julie) . Opbrengste waarmee ons beleggers tevrede moes wees, was derhalwe redelik in ooreenstemming tot selfs beter as in vergelykende lande.

Die 3 jaar statistiek van beide die JSE sowel as internasionale markte, lyk steeds in sommige gevalle redelik treurig a.g.v. die 2008/2009 krisis. Stadigaan begin die gemiddelde prestasie van beurse egter oor die medium tot langer termyn herstel.

### **WISSELKOERSE**


Wat wisselkoerse met ons vernaamste handelsvenote aan betref, het ons SA Rand, min of meer sy waarde gehandhaaf sedert die begin van die jaar. Tog was daar n merkbare verswakking teen die waarde van die EURO en tot n mindere mate teenoor die VK Pond. Benewens kort periodes van waarde verandering, het wisselkoerse nie n wesentlike impak op beleggings resultate meegebring nie.

	30 12 2007	30 12 2008	31 12 2009	31 12 2010	<b>30 06 2011</b>
R / \$	R 6- 87	R 9-35	R 7.39	R 6.61	<b>R 6.79</b>
R /Euro	R 10 -12	R 13- 34	R 10.61	R 8.84	<b>R 9.83</b>
R /£	R 13 -57	R 13- 96	R 11.92	R 10.28	<b>R 10.89</b>

### **ONLANGSE INTERNASIONALE en PLAASLIKE AANDELEMARK DALINGS:**

Die eerste week van Augustus 2011, het n sameloop van negatiewe ekonomiese nuus en negatiewe beleggers sentiment of dan eerder beleggers vrese, meegebring dat aandele markte wêreldwyd, en ook in SA, wesentlik getuimel het na aansienlik laer waardes. Die finale strooi was waarskynlik die VSA, as die grootste ekonomie, se stryd om sy skuld te delg, hoër skuldvlakke goedgekeur te kry en die gepaardgaande waarskuwings en afgradering deur internasionale graderings agentskappe, van die VSA se kredietwaardigheid. (Moody, Fitch en Standard & Poor) . Hiermee saam help die skuld probleme van Europa natuurlik nie enigsins nie. Verder is die politieke situasie in Noord Afrika en die Midde Ooste steeds uiters onstabiel en in Japan is dit n herstel-stryd na die Tsoenami vroeër die jaar. Teen Frydag 5 Augustus, was markte aansienlik laer as teen die einde van die vorige week: -

### 3.



Die grafiek hierbo gee 'n idee van die dalings wat ervaar is op die plaaslike JSE (Dik swart lyn), die VSA – S & P 500, die Londense – FTSE en die Chinese Xinhua. Almal op die selfde glybaan. So ook lyk die grafiekkie van al die vername beurse wêreldwyd. Waar die grafiek sal eindig, sal ons waarskynlik in die nabye toekoms weet, teen Dinsdag, 9 Augustus, het daar egter wel 'n mate van stabiliteit na wêreldmarkte teruggekeer. Soos gewoonlik sal die ommekeer waarskynlik met heelwat mark onbestendigheid gepaard gaan.

Natuurlik is hierdie dalings voorblad nuus dwarsoor die wêreld en word die pap dik aangemaak om sensasie uit die nuus te tap. Ook ons plaaslike pers het heelwat hieroor berig, en, wat my aan betref, nogal in meeste gevalle met insig en dikwels ook goeie advies artikels.

Ek wil egter nie te veel tyd wy aan die bespreking van hierdie omstandighede nie, hoofsaaklik omdat ek nie huidiglik wesentlike lang termyn bedreigings daarin vir ons beleggers sien nie. Ek sien dit bloot as 'n normale tendens in 'n senuweeagtige ekonomiese en finansiële wêreld, na 'n tydperk van relatiewe sterk herstel. (Die periode na die finansiële krisis, - April, Mei 2009 tot Julie 2011). Ek bespreek egter graag die volgende; -

#### WATTER IMPLIKASIES HOU HIERDIE GEBEURE OP ONS PORTEFEULJES IN?

Aangesien bykans al ons portefeuljies, vanaf "Versigtig" tot heel "Aggressief Markgerig" blootstelling aan aandele markte het, - ten einde langtermyn reële opbrengs te verseker, sal alle portefeulje, tot 'n mindere of meerdere mate, wel waardevermindering toon tydens hierdie markwaarde dalings.

Grotendeels is ons beleggers se portefeuljies tot 'n hoë mate egter beskerm deur blootstelling aan o.a. kontant, effekte, eiendom ens, en sal waarde vermindering as gevolg hiervan dus uiters beperk wees. (Veral ons pensioen - inkomste portefeuljies). Beleggers met meer markgerigde, aggressiewe aandele portefeuljies sal tot 'n meerdere mate geaffekteer word en kan in hierdie swak mark omstandighede wel redelike waarde vermindering verwag. (Huidiglik tot ongeveer 10%). Hierdie beleggers is egter almal deeglik bewus van hul blootstelling en reeds vertrouwd met die risiko van volatiliteit daarby betrokke. Ook, - natuurlik die vinnige groei as markte herstel!

#### HOU ASB DIE VOLGENDE IN GEDAGTE:-

1. Soos reeds vermeld, het verskeie ekonomiese / finansiële aspekte tot die huidige mark situasie aanleiding gegee. Die aanloop tot die huidige dalings kom al 'n geruime tyd.
2. Die dalings is hoofsaaklik te wyte aan beleggers vrese en negatiewe sentiment.
3. Daar is huidiglik geen nuwe krisis wat finansiële skokke kan te weeg bring en kan lei tot ernstige ekonomiese agteruitgang of die ineenstorting van markte nie. (Soos in die geval van die krisis in 2008/2009 – vername internasionale finansiële maatskappye het toe in duie gestort)
4. Die wêreld ekonomie en veral die "emerging" – ontluikende markte groei steeds sterk. Heelwat internasionale maatskappye resultate wat die laaste tyd bekend gemaak is toon stewige groei. Dit sal verseker deurtrek na die markte.
5. Internasionale fiskale beleid, beheer en regulering, is vandag op 'n veel hoër vlak as voorheen.

## 4.

**IMPAK VAN EKONOMIESE OMGEWING OP PORTEFEULJES ( Tot einde Junie 2011)**

Gegewe huidige en historiese ekonomiese- en mark omstandighede, - wat kan beleggers verwag in terme van opbrengste, die afgelope jaar. (Weereens tot 06 07 2011 - ASISA): –

<b>FONDS KATEGORIE : HISTORIESE BEHALING</b>	<b>1 Jaar</b>	<b>3 Jaar</b>	<b>5 Jaar</b>
INKOMSTEFONDSE	8 %	10 %	9 %
INKOMSTEFONDSE (Var. Strategie)	9 %	11.5 %	9.5 %
EFFEKTEFONDSE (Staats - & Korporatief)	11 %	13.5 %	9 %
PENSIOEN & LAE- AANDELEFONDSE	5 %	8.5 %	9 %
PENSIOEN & MATIGE AANDELE – Bate Toedeling	14 %	9 %	9 %
AANDELE - BATE TOEDELING – Teiken Opbrengs	10 %	10.5 %	10 %
EIENDOMSFONDSE	19 %	22 %	16 %
ALGEMENE AANDELEFONDSE	22 %	10 %	12 %
WĒRELDWYE FONDSE (Bate allokasie)	5 %	0 %	2 %
<b>GELDMARKFONDSE</b>	<b>6 %</b>	<b>8 %</b>	<b>8.6 %</b>

**NB.** Hierdie resultate is gemiddeldes (jaarliks saamgestelde opbrengste) by naby benadering behaal op geselekteerde fondse in primêre fonds kategorië, in *GERBER en LOUW* se praktyk soos op 06 07 2011. Die opbrengste reflekteer nie kostes op beleggings portefeuljes nie. (Ongeveer 1.25 % p.j.)

**LW.** Al genoemde statistiek, maar veral die 1 jaar opbrengste, kan weekliks heelwat varieër.

By verre die meeste van ons beleggers se portefeuljes is gediversifiseerde, gebalanseerde portefeuljes tussen bogenoemde en ander kategorië van fondse. Die strategie wissel hoofsaaklik tussen “Versigtig” tot Gematig – Markgerig. (Afhangende van elke individu se risiko profiel)

Die afgelope jaar het die opbrengs “band” tussen “Versigtige” en “Gematig Markgerigde” portefeuljes aansienlik vernou en is daar derhalwe nie veel verskil in die effektiewe netto opbrengste wat beleggers behaal het nie.

Die opbrengs resultate van die oorgrote meerderheid van portefeuljes, die afgelope jaar tot aan die einde van Junie 2011, - beloop gemiddeld tussen 8% en 12% . Soos in 2010, is daar derhalwe ’n stewig uitprestasie van geldmarkte en die inflasiëkoers. Meer markgerigde, - aggressiewe portefeuljes het wel beter resultate behaal. Portefeuljes met internasionale fondse, is egter effens terug gehou deur die prestasie van die fondse. (Hoofsaaklik vanweë ons wisselkoers). Die internasionale markgerigde aandele portefeuljes het egter wel goed presteer ten spyte van die wisselkoerse.

Dit is natuurlik so dat die afgelope week of wat se mark tuimelings die prentjie gaan verander. Ek is van mening dat die situasie spoedig sal herstel. (Op grond van die huidige omstandighede). Daar moet egter nie nou ’n nuwe wesentlike internasionale krisis ontstaan nie. Dit sal die huidige, uiters onsekere en gespanne mark situasie, dalk net in ’n ernstige negatiewe wentelbaan plaas.

Daar is egter tans steeds soveel positiewe ekonomiese data dat ek vol vertroue is dat ek in ons verslag, teen die einde van die jaar, ’n veel positiewer prentjie sal kan skets!

Alles van die beste vir die res van 2011!

Groete,

Kobus Louw, CFP®

SEL: 082 881 2892

Finansiële en Beleggings Adviseur - CFP® (FPI lisensie nr : 9601732)

**Vrywaring :** Alle inligting in hierdie dokument en aanhangsels is deur die skrywer alleen voorsien en is uitsluitlik bedoel vir die geadresseerde kliënt en verteenwoordig nie noodwendig die mening of inligting van enige ander persoon of instansie nie. Enige besluit deur enige iemand, gegrond op hierdie inligting verskaf, is op eie risiko, aangesien ander faktore ’n rol mag speel. Alle berekenings is benaderd en gebaseer op inligting voorsien aan die skrywer deur gesaghebbende bronne. Alhoewel sorg geneem word om deurgaans korrekte inligting te verskaf, kan die absolute korektheid daarvan nie onder alle omstandighede gewaarborg word nie.